N.G. KERK IN O.V.S.

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 9 DESEMBER 1957 IN DIE SENDINGKANTOOR, BLOEMFONTEIN.

TEENWOORDIG:

Di. P.S.Z.Coetzee (Voorsitter), E.P.J. Kleynhans en L.L. Nel (Sekr)

Die Voorsitter open met gebed.

A. BUITELAND:

1. FINANSIES:

Die Saakgelastigde word in die vergadering verwelkom. Hy gee 'n oorsig van die Buitelandse Sendingfondse en die groot oortrokke rekening geniet die ernstige aandag van die vergadering. Die beginsel word aangeneem om in die gees van die bespreking te handel totdat die agterstallige Regeringstoelaes ontvang is.

2. DIE NOTULE VAN DIE O.R.K. VERGADERING van 21-22 November en die verduidelikende brief van die Voorsitter van die Raad word behandel.

3. BRIEWE KATETE (O.R.K./1) :

Hiervan word kennis geneem en die saak sal saam met Mnr. J.M. Badenhorst se brief van 11 September 1957 voor die S.A.S.K. gelê word.

4. BEHOEFTE TIKMASJIENE: (O.R.K./7)

Aankoop goedgekeur.

5. TELEFOONS (a) MADZIMOYO EN (b) KATETE:

(a) Toegestaan.

(b) Word gunstig oorweeg. Prysopgawe gevra.

6. HUISVESTING LUKWIPA: (O.R.K./20)

Meer informasie verlang.

7. LENING MNR. E. LUFF: (O.R.K./22)

Word aanbeveel by Kerkkantoor.

8. SKRYWE W.R.K.: (O.R.K./24 (a) en (b)

Goedgekeur.

9. VERHOOGDE TOELAE MOTORVOERTUIE: (O.R.K./25)

Na S.A.S.K. verwys vir gunstige oorweging.

10. REISKOSTE-TOELAE OPV. SEKRETARIS: (O.R.K./26)

Hiervoor moet gerekwiseer word.

2/ .....

11. INSTALLERING VAN BADDENS: (O.R.K./33)

Met aanbeveling na S.A.S.K. verwys.

12. VERSOEK OUDWEESKINDERS MAGWERO: (O.R.K./39)

Aanbeveel by S.A.S.K.

13. WERKSWINKEL: (O.R.K./47)

Kennis geneem.

14. JONGENSKOSHUIS MADZIMOYO: (O.R.K./(a) 51en (b)52.

(a) Wag op uitspraak van hof.
(b) Verlang verdere informasie.

15. FINANSIES OPVOED. DEPT.: (O.R.K./54)

Verwys na S.A.S.K.

16. GEBOU VIR DRUKKERS: (O.R.K./62)

Reeds deur S.A.S.K. toegestaan. (Sien Notule S.A.S.K. Aug/57/44). Aanvraag nooit ontvang nie.

17. VERHOGINGS BOUKOSTE HUISE BEDIENDES EN HOSPITAALJONGENS: (O.R.K./65)

Verhoging goedgekeur, maar daar sal minder huise gebou word.

18. GEBOUE OPVOED. DEPT. KATETE:

Hier moet minder gebou word.

19. WOONHUIS VOLGENS STANDAARDPLAN TE KATETE: (O.R.K./72)

Sien aanmerkings oor begroting.

20. PLAN KLEINERE WOONHUIS: (O.R.K./73)

U.K. is saak goedgesind en dit word by die S.A.S.K. aanbeveel.

21. HOSPITAAL VIR NATURELLE KAMOTO: (O.R.K./78)

U.K. is saak goedgesind,

22. APTEEK KOLONIE VIR MELAATSE: (O.R.K./79) Goedgekeur.

23. BEGROTING:

Na deeglike bespreking versoek die U.K. met leedwese die O.R.K. om die totaal van Sending gevra (£21,792) met ± £2,000 te verminder. Sekr. sal aan Voorsitter van Raad verduidelik.

24. MOTORLENING MEJ. P. SPIES:

Die U.K. sien nie sy weg oop om dit aan te beveel nie.

25. SENDINGPASTORIE, LUSAKA:

Die elektriese herbedrading van die hoofgedeelte van gebou word goedgekeur.

3/ .....

26. BONUS GETROUDE DAMES:

Die basiese skaal soos deur die Sekr. voorgelê word vir alle getroude dames aanvaar.

B. BINNELAND:

27. NAVORSING RE SEPERATISME:

Aan die versoek Fed. Sendingraad sal voldoen word, mits die ander provinsies toestem.

28. VERSOEK KERKRAAD FICKSBURG:

Die U.K. is bereid om 'n Kommissie van die N.G. Kerkraad op Bloemfontein te ontmoet.

29. BASOETOELAND:

Alle gelde vir Sendingwerk in Basoetoeland behoort na die Sendingkantoor gestuur te word. 'n Begroting vir die werk in 1958 moet deur die betrokke sub-kommissie aan die S.A.S.K. voorgelê te word.

Ds. E.P.J. Kleynhans sluit met gebed.